

AMPTELIKE BENAMING VIR DIE BOEREREPUBLIEK ORANJE-VRYSTAAT

Dr. C. C. Eloff

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Wanneer veral moderne skrywers of sprekers verwys na die Oranje-Vrystaat in die tyd toe dit nog 'n "vrystaat" of selfstandige republiek was, gebeur dit herhaaldelik dat hulle die offisiële skryfwyse of erkende naam daarvan verontgaam en eie, ongefundeerde benamings daarvoor skep. Dit laat die vraag ontstaan: Wat is die korrekte en amptelike naam vir hierdie staat gedurende die republiekinse periode, of tussen 1854 en 1900 (*de facto* 1902)?

Tydens sy eerste besoek aan die sogenaamde "Groot Rivier" in Desember 1777 het die ontdekkingsreisiger Robert Jacob Gordon die naam "Oranjerivier" daaraan gegee ter ere van prins Willem V van die Nederlandse vorstehuis van Oranje-Nassau. In die staatkundige ontwikkeling van die landstreek tussen die Oranje- en Vaalrivier is die naam van eersgenoemde rivier daarna prominent in die naamgewing vir hierdie gebied opgeneem. So byvoorbeeld is die benaming "Transoranje" ("Transgariep") gebruik om die tydperk voor die totstandkoming van die Oranjerivier-Soewereiniteit in 1848 aan te dui. In 1854 het die Oranje-Vrystaat (aanvanklik soms ook die Oranjerivier-Vrystaat genoem) as onafhanklike republiek tot stand gekom; minder as 'n halfeeu later het dié staat nog eens 'n naamsverandering ondergaan toe Brittanje dit in Mei 1900 ganekeer en tot die Oranjerivier-Kolonie herdoop het. Die naam "Oranje-Vrystaat" is in 1910 herstel toe die eertydse Boererepubliek 'n provinsie van die Unie van Suid-Afrika en in 1961 van die Republiek van Suid-Afrika geword het.

Na die ondertekening van die Bloemfontein-konvensie op 23 Februarie 1854 ingevolge waarvan die Oranjerivier-Soewereiniteit 'n onafhanklike vrye staat geword het, is die benamings "Vrystaat" en "Oranje-Vrystaat" (met verskeie skryfvariante) feitlik deurgaans gebruik. So byvoorbeeld verwys artikel I van die nuwe staat se grondwet wat op 30 Maart 1854 deur die eerste gekose volksraad goedgekeur is na "burgers van den Oranjevrijstaat." Toe die konstitusie sowat 'n week later in sy geheel aanvaar is, het Jacobus Groenendaal (wat grotendeels vir die opstel daarvan verantwoordelik was) sy vriend prof. U.G. Lauts meegedeel dat die "Soewereiniteit . . . den naam (zal) ontvangen van *Oranje-Vrystaat*." (My kursivering).

In trakte, konvensies, verdrae of ooreenkomste wat sedert 1854 tussen dié Boererepubliek en ander state gesluit is, word die benaming "Oranjevrijstaat" deuren tyd en formeel gebruik. Dit geld ook vir alle wetgewing (ordonnansies en — sedert 1892 — wette) en proklamasies waarin dieselfde naam telkens voorkom. Wisselvorme ten opsigte van die ortografie word weliswaar aangetref (byvoorbeeld *Oranje Vrij Staat*, *Oranje-Vrystaat*, *Oranje Vrystaat* en soms net *Vrystaat*), dog sonder enige afwyking in die kernnaam.

Uitdrukkings soos "Volksraad/Gouvernement/President/Groot Zegel/Volkslied van den Oranjevrijstaat" in offisiële stukke is aan die orde van die dag, terwyl die naamgewing van staatspublikasies en nuusblaaie insgelyks hierdie patroon volg (byvoorbeeld *Gouvernement Courant van den Oranjevrijstaat*, *Ordonnantie-boek/Wetboek van den Oranjevrijstaat*, *De Tijd : Staatkundig, Nieuws- en Advertentieblad voor den Oranjevrijstaat* en *De Express en Oranjevrijstaatsch Advertentieblad*). Ook in petisies, memories en algemene of amptelike korrespondensie van burgers en amptenare is hierdie naam sonder uitsondering gebruik — alians tot 1862, soos uit gepubliseerde argiefstukke blyk.

Dit is dus uit voorafgaande duidelik dat die benaming

én skryfwyse "Oranje-Vrystaat" (of slegs "Vrystaat") sedert 1854 tot na afloop van die Anglo-Boereoorlog van regeringsweë erken is én by die deursnee bevolking in gebruik was. Dat in die omgangstaal soms wel van "onze Republiek" of "de Republiek" gepraat is, kan nie ontken word nie. Maar sover vasgestel kan word, het name soos "Republiek van die Oranje-Vrystaat" of "(Oranje-)Vrystaatse Republiek" nooit in die onderhawige periode amptelike of populaire ingang gevind nie. Die rede hiervoor is waarskynlik omdat "vrystaat" en "republiek" eintlik sinonieme begrippe is en dit inderdaad vreemd en foutief sou wees om so 'n toutologiese vorm te gebruik.

Ten spyte van hierdie historiese feite en agtergrond gebeur dit tog gereeld dat 20ste-eeuse skrywers — en veral akademici — die woord "Republiek" (en dan met 'n hoofletter geskryf) aan die benaming "Oranje-Vrystaat/Vrystaat" koppel. 'n Breë opname en literatuurstudie van die bydraes van hoofsaaklik Suid-Afrikaanse historici en opvoedkundiges toon dat hulle hierdie foutiewe skryfwyse in die titels van verhandelinge, proefschrifte en boeke asook in die aanbieding self toepas. Enkele voorbeeld van sodanige benamings (met die oueurs tussen hakies aangedui) is: "Vrystaatse Republiek" of "Oranje-Vrystaat Republiek" (J.A. Collins, F.J. du Toit Spies, J.J.G. Grobbelaar, P.A. Grobbelaar, S.F. Malan, J.A. Steenkamp, C.S. Theron en J.D. Theron); "Republiek van die Oranje-Vrystaat" of "Republiek Oranje-Vrystaat" (J.D. Kriel, J.C. Moll, J.D. Olwagen en J.N. Swanepoel).

Tog is dit verblydend dat die oorgrote meerderheid van navorsers en skrywers wel die korrekte naam ("Oranje-Vrystaat/Vrystaat") in die titels van hul studies gebruik, gewoonlik gevolg deur of gekoppel aan 'n datum of jaartalle wat op die republiekinse fase in die staat se verlede dui. Voorbeeld hiervan is so talryk dat met die volgende volstaan kan word: M.J. Boon, G.C. de Wet, P.C. Fourie, J.L. Hattingh, D.J. Jacobs, P.S. Malan, H.P.N. Muller, S.P.R. Oosthuizen, G.D. Scholtz, H.J. van Aswegen en J. van der Merwe. Ongelukkig word die foutiewe skryfwyse — soos by die vroeëre groep vermeld — egter male sonder tal in die teks van byna elkeen van genoemde skrywers se werke aantref.

Hierdie toedrag van sake kan aan moontlike onkunde, nalatigheid of blootweg onnadenkendheid by die betrokkenes toegeskryf word. 'n Ander verklaring is dat die skryf-vorm "(Oranje-) Vrystaatse Republiek" of "Republiek van die Oranje-Vrystaat" na analogie van *Zuid-Afrikaansche Republiek* ontstaan het en steeds deur sekere persone voortgesit word. Feit is egter dat dit histories nie korrek en semanties nie bevredigend is om so 'n afwykende skryfwyse na te volg nie.

Die vraag kan ten slotte gestel word of die woord "republiek" dan hoegenaamd nie in 'n verwysing na die Oranje-Vrystaat (1854-1902) gebruik moet word nie. Sonder om

voorskriftelik of didakties te probeer wees, sou die volgende opmerkings enigsins as riglyne kon dien:

- Waar moontlik word "Oranje-Vrystaat" geskryf, verkiest met 'n aanduiding van datums om die republikeinse era van die latere provinsiale bedeling te onderskei. (Meestal word hierdie onderskeid in elk geval duidelik uit die konteks en tydsmilieu waarin die naam voorkom).
- Word die woord "republiek" desnoeds tog gebruik, word dit met 'n kleinletter (onderkas) "r" geskryf en liefs in uitdrukking soos "die (Oranje-) Vrystaat as ('n) republiek" of "die republiek Oranje-Vrystaat". 'n Goeie voorbeeld hiervan vind 'n mens in J.H. Malan se werk *Die opkoms van 'n republiek, of die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863* (Bloemfontein, 1929).
- In uitsonderlike gevalle sou dit aanvaarbaar wees indien die naam "Oranje-Vrystaat" in 'n teks met die woorde "die Republiek" of "Boere-republiek" afgewissel word. Dit beteken immers nie dat 'n direkte koppeling of 'n nuwe naam geskep word nie aangesien die een woord slegs as plaasvervanger vir die ander dien.


Skywers behoort hulle meer doelgerig daarop toe te spits om die juiste, historiese benaming "Oranje-Vrystaat" te gebruik wanneer daar sprake is van die tydperk toe die huidige provinsie nog 'n vrye republiek was. So 'n korrekte skryfwyse kan stellig daartoe lei dat dit ook in die volksmond sal groei. C

GOUVERNEMENTS COURANT

VAN

DEN

Oranje-



vrijstaat.

VOL. IX.]

BLOEMFONTEIN, WOENSDAG, OCTOBER 25, 1865.

[No. 450]

Proclamatie.

NADEMAAL de gronden, door de kommandos van den Oranje-vrijstaat van de Basutos veroverd, door den Kommandant-generaal J. J. FICK als Vrijstaats grond geproclameerd en aan den Oranje-vrijstaat zijn geanneexeerd, zoo heb ik met advies en consent van den Uitvoerenden Raad goedgevonden die proclamatie te bekraftigen en te proclameren en vast te stellen, gelijk ik zulks doe bij deze: dat het grondgebied, vroeger bezet door Lebena, Putsanie, Bushulu, Makwai, Mahali, Letseas volk, Platberg, behorende aan Carolus Baatjes, en de gronden, vroeger behorende aan Paulus Mopeli, Moletzani en Molappo, aan den Oranje-vrijstaat zijn geanneexeerd en daaraan toegehooren; te weten: de gronden gelegen tuschen die lijn, in October, 1861, vastgesteld door Zijne Excellentie Sir PHILIP WODEHOUSE, en die, welke loopt van Bamboespaalets, ten oosten van Pampoen spruit, gaande in 'n rechte lijn tot drie mijlen ten oosten van Letseas nieuwe stad, en van daar in 'n rechte lijn noord op tot aan de Caledonrivier, langs de Caledonrivier op tot waar de Putisanie in die Caledonrivier loopt, van daar langs de Putisanie tot aan die bron van die Putisanie, en van daar langs die Drakensberg op tot de Natalse Britseche lijn.

Gegeven onder myne hand en het grootzelg van den Oranje-vrijstaat, op den 23sten dag van die maand October, in het jaar onzes Heeren een duizend acht honderd vyf en zestig.

J. H. BRAND,
By order,
J. C. NIELEN MARAIS,
VI.

Staatspresident.
Gouvernements Sec.

[No. 115—1865.]

Gouvernements Kennisgeving.

VERZEGELDE tenders zullen ten Gouvernements kantore ontvangen worien tot op Vrijdag, den 3den November, van afslagers, die genegegaan mogten zijn, om den buit te Bloemfontein en Smithfield respectiefelik voor het Gouvernement te koopen. De tenders moeten melden het commissieloon, dat verlangd wordt, als die afslagers aansprakelik gehouden worden voor de verkoopingen.

Bij Order,
J. C. NIELEN MARAIS,
Gouvern. Secretaris.
Gouvernements kantoor,
Bloemfontein, 24 Oct., 1865.

[No. 116—1865]

Gouvernements Kennisgeving.

TER voorkoming van misverstand wordt bekend gemaakt, dat de vrijwilligers, die bedoeld worden in Gouvernements kennisgeving No. 76 van den 13 Juuli, 1865, verwacht worden met paard, zadel, tuim en wapens te komen.

Bij Order,
J. C. NIELEN MARAIS,
Gouvern. Secretaris.
Gouvernements kantoor,
Bloemfontein, 24 October, 1865.

[No. 117—1865.]

GOUVERNEMENTS KENNISGEVING.

DE kaart der plaat "Gem of the prairie," zijnde een gedeelte van de plaat "Noodhulp," eigenaar de heer F. B. Wiese, en gemeten voor den heer J. C. N. Marais, ten dezen kantore ingekomen zijnde, sou wordt bekend gemaakt, dat protest tegen dzae kunnen ingediend worden binne drie maanden na heden.

Bij Order,
J. C. NIELEN MARAIS,
Gouvern. Secretaris.
Gouvernements Kantoor,
Bloemfontein, 24 Oct., 1865.

[No. 118—1865.]

GOUVERNEMENTS KENNISGEVING.

Ik, Moroka, opperhoofd der Barolongsmak hiernevens bekend, dat indien enige Barolong zonder pan, door mij geteekend en verzegeld, in den Vrystaat gevonden wordt, gedurende den tegenwoordige oorlog, de Landdrosten van den Vrystaat gesauthorisir worden, om hem gevangen te doen nemen.

(Get.) MOROKA,
Opperhoofd der Barolongs.

[No. 112—1865.]
Gouvernements Kennisgeving.

NGEVOLGE keuze der ingezetenen van het dorp Boshof, onder art. 17 van de Weeskamer-Ordonnantie, heeft ZHED. de Staatspresident goedgegeven den aan te stellen als Taxateur voor het dorp Boshof, den heer George Israel.

Bij Order,
J. C. NIELEN MARAIS,
Gouvern. Secretaris.
Gouvernements kantoor,
Bloemfontein, 16 Oct., 1865.

[No. 119—1865]
Gouvernements Kennisgeving.

TEN einde te voldoen aan den wensch van het opperhoofd Moroka, vervat in onderstaande proclamatie, heeft ZHED. de Staatspresident goedgegeven den te gelasten, dat alle Landdrosten en Vrederegters in het vervolg stipielik in den geest van dezelve zullen handelen.

Bij Order,
J. C. NIELEN MARAIS,
Gouvern. Secretaris.
Gouvernements Kantoor,
Bloemfontein, 16 Oct., 1865.

Proclamatie.

Ik, Moroka, opperhoofd der Barolongsmak hiernevens bekend, dat indien enige Barolong zonder pan, door mij geteekend en verzegeld, in den Vrystaat gevonden wordt, gedurende den tegenwoordige oorlog, de Landdrosten van den Vrystaat gesauthorisir worden, om hem gevangen te doen nemen.

(Get.) MOROKA,
Opperhoofd der Barolongs.

Thabo 'Nchu,
10 October, 1865.

Voor getrouwe vertaling
J. C. NIELEN MARAIS,
Gouv. Sec.

'n Voorbeeld van die Oranje-Vrystaatse staatskoerant waarin die ampelike naam duidelik voorkom.

BRONNELYS

EALES, M. *An annotated guide to the pre-Union government publications of the Orange Free State : 1854-1910*. Boston (Massachusetts), 1976.

GODEE MOLSBERGEN, E.C. *Hoe de Oranje-Vrijstaters hun vlag en wapen kregen, Onse Eeuw*, 1911.

MULLER, C.F.J., et al. (eds.) *South African history and historians : a bibliography*. Pretoria, 1979.

MULLER, H.P.N. *Oude tijden in den Oranje-Vrystaat*. Leiden, 1907.

OBERTHOLSTER, J.J., M.C.E. VAN SCHOOR EN A.J.H. MAREE (samestellers). *Gedenkalbum van die Oranje-Vrystaat*. Bloemfontein, 1954.

ORANJE-VRYSTAAT. *Notulen der verrichtingen van den Hoog-Edelen Volksraad, 1854 . . . , en 1899*. Bloemfontein, 1866-1899.

ORANJE-VRYSTAAT. *Ordonnantie-boek van den Oranje-Vrystaat, 1854-1880*. Bloemfontein, 1881.

ORANJE-VRYSTAAT (Volksraad). *Wetboek van den Oranje-Vrystaat 1891*. Bloemfontein, 1892.

SCHOEMAN, K. (samesteller). *Bibliografie van die Oranje-Vrystaat tot 31 Mei 1910*. (Suid-Afrikaanse Biblioteek : Grey-bibliografie 13). Kaapstad. 1984.

SPIES, F.J. DU T. Hoe die Oranje-Vrystaat sy naam gekry het, *Hertzog-Annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* 2(3), Maart 1954.

Suid-Afrikaanse Argiefstukke, *Oranje-Vrystaat* (nos. 1-6) : Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat (met bylaes) (1854-1862). Kaapstad, 1952, 1953, 1960 en 1965; Pretoria, 1982 en 1983.

VAN SCHOOR, M.C.E. EN S.I. MALAN. 'n Bibliografie van werke oor die Oranje-Vrystaat vanaf die vroegeste tye tot 1910. Bloemfontein, 1954.